aedua. Finally, I argued that the obli-
entory and to provide security for the
ıcreased, but also be recast as a per-
ıe discretion of the owner.

e owner/grantor and the usufructuary
exist in terms of the common law and
the binary opposition that presently
erest of upholding vested rights (the
the justice interest of promoting the
ıew, constitutionally-inspired process
ction.[114] The impact of this shift in
and simultaneous promotion – on the
gests that there should be a shift in
rces competing for supremacy to an
irit, purport and objects of the Bill of
prove to be a modest development in
he agriculture and farming sectors in

Die oorsprong en ontwikkeling van die *stipulatio alteri* tot 'n suiwer verklaring in hedendaagse Suid-Afrikaanse reg (2)*

R van Zyl
LLB, LLM, LLD
Lektor, Universiteit van die Vrystaat

6 INLEIDING

Met verloop van tyd het sekere vrae wat nóg die ou skrywers nóg die eerste regspraak beantwoord het, onbeantwoord gebly. Wesenlike meningsverskille oor kwessies rakende die aard van die ooreenkoms ten behoewe van 'n derde het gevolglik ontstaan. Hierdie kwessies sluit onder andere die volgende in:

(a) Watter uitwerking het die derde se aanvaarding op sy regte (wat die vraag na die vestiging van die derde se regte insluit)?[1]

(b) Watter regte verkry die derde op watter tydstip? Het die derde voor aanvaarding alreeds enige regte?

(c) In watter verhouding staan die derde teenoor die *stipulans* en *promittens* voor en na aanvaarding?

(d) Wat is die voordeel wat vir die derde party beding word? Wat moet die derde aanvaar?

(e) Is daar 'n sekere tydstip wanneer die derde sy aanvaarding mag gee?

(f) Wanneer mag wysigings gemaak of die ooreenkoms herroep word?

Benewens verdere hofuitsprake het akademici ook hierdie onsekerhede op grond van die regspraak en die gemenereg probeer verklaar en vertolk. Dit het egter tot 'n paar verskillende benaderings en denkrigtings oor die werking van die ooreenkoms ten behoewe van 'n derde gelei. Hierdie skywers (en selfs regters) het sekere aannames gemaak oor die aard van die *stipulatio alteri* soos tot dusver verklaar is sonder om weer in die oorspronklike bronne te delf. Dit wat moontlik bygedra het tot die onsuiwer vertolking en verdere wegbeweging van die ware aard van die *stipulatio alteri* soos in die gemenereg bedoel word.

7 DERDE SE REGTE

Die derde verkry 'n "reg" by aanvaarding – "Acceptance is necessary; only after acceptance does the third party have rights".[2] Om die derde se regte te verklaar (voor en ná aanvaarding) is 'n beskrywing van die klassifikasie van regte nodig.

---

* See 2018 *THRHR* 418 for part 1.

1 Sien ook Visser en Cook *Contracts for the benefit of third parties in South Africa – Investigating an alternative approach:* Ius quaestium tertio (2008) 407 wat 'n alternatief vir die aanvaardingsteorie aan die hand doen.